Goeiedag Vriende en baie welkom.

Wie is ons?  Ons is ‘n Kerk. ‘n Kerk is ’n bymekaarkoms van verskillende mense. Ons is ‘n NG Kerk, maar meer as dit noem ons onsself ’n geloofsgemeenskap. Ons is ‘n geloofsgemeenskap waar ons ruimte vir elkeen wil skep. Jy mag van ons verskil. Jy mag voorstelle maak. Jy mag dit wat God vir jou sê met ons kom deel. Ons hoofdoel van hierdie geloofsgemeenskap is om God se fontein van lewende water te wees. Dat ons deur wie ons is en wat ons doen, God se water vir ‘n baie dors wêreld sal wees..

Ek wil net vir julle sê vanoggend wil ek nie met julle gesels as Dominee tot gemeente nie. Ek wil ook nie preek nie. Vanoggend wil ek graag my getuienis met julle deel. Dit is my getuienis as iemand wat deur God geroep is, tot julle wat ook deur God geroep is.

So voordat ons verder gaan, sê gou vir die persoon langs jou JY is geroep!

- Draai na mekaar: Jy is geroep

Vir die persoon vir wie dit ’n skok is, ek hoop aan die einde van vanoggend se getuienis dat jy beter verstaan.

Oxford Languages kies elke jaar ‘n woord van die jaar. Dit is nou nie ‘n woord vir die jaar nie, maar ’n woord van die jaar. Die idee is om na 12 maande te dink, watter 1 woord (dit hoef nie ‘n nuwe woord te wees nie) vat die afgelope jaar saam. Watter woord vang die etos, die gemoed saam van die samelewing in daardie jaar. Watter woord was baie in die nuus, of het baie mense oor gesels. Wat was die buzzword. Dit is vir my opvallend om altyd te gaan kyk wat die woord is. Sommige van julle ken dalk nie die woord nie en dit is ook okay...

- 2021: Vax
- 2020: Kan nie net 1 woord kies nie toe besluit hul op ( n unprecedented year)
- 2019: Climate emergency
- 2018: Toxic
- 2017: Youthquake
- 2016: post- truth
- 2015: Emoji
- 2014: Vape
- 2013: Selfie

En ek weet meeste van julle hier het al ‘n selfie geneem. Sommige mense is goed daarin en kry selfs hulle gesig in die selfie. Daar is sekeres wat egter nog baie oefening nodig het. Dit is vir my net so opvallend dat ons in ’n samelewing leef waar mense meer hulself afneem, as wat hul ander- en die mooi van die lewe aan neem. Vir ‘n selfie sê jy ook dat jy niks of niemand nodig het nie, jy kan dit op jou eie doen. Ek self het lank terug my eie selfie stick gekoop wat dit nog makliker maak.

Ek het eenkeer gehoor hoe iemand sê, as jy wil weet hoe lyk God se plan vir die wêreld. As jy ‘n foto wil neem van hoe God se plan lyk- neem ’n selfie...

Vriende ek en jy, ons, is deel van God se plan vir die wêreld. Al is ons soms hoe selfsugtig. As wil ons soms net heeltemal op ons eie sonder enigiemand klaarkom.

As jy God se plan vir die wêreld wil sien, kyk ook na jouself...

God se doel om die mens as werkende wese te skep, is nie 'n doel op sigself nie. Die mens is as werkende wese geskep om homself uit die aarde waaruit hy geskep is, te onderhou. Daar is 'n onlosmaaklike band tussen die mens (adam) en die aarde (adama) waaruit hy gemaak is.

- (Michael Quest)

Ek is bang om ja te sê Here, waar sal U my neem?

Ek is bang om die langste strooitjie te trek Here,

Ek is bang om my naam te teken onderaan 'n ongelese ooreenkoms.

Ek is bang vir die Ja, wat alle ander Ja's tot gevolg het.

Ek is bang om my hand in U hand te sit Here, want U gaan dit nie weer los nie.

Ek is bang om U in die oë te kyk Here, want U gaan my wen

Ek is bang vir die eise, want soos die Bybel dit stel, U is 'n jaloerse God wat my nooit weer sal los as ek Ja gesê het nie.

Gebed: Here U was so duidelik om vir ons te sê dat ons 6 dae moet werk- en dan 1 dag rus. Want dan is daar 'n Sabbatdag. En vandag wil ons dit doen en refelekteer- nadink oor dit wat ons die ander 6 dae doen. Ons wil nou dink, bid en luister na U oor werk. Daarom kom ons vandag na U toe met 'n verwagting dat U met ons werk- net soos ons ook vir U werk.

Ons lees vandag weer uit die Bybel uit. Die Bybel wat bestaan uit verhaal na verhaal van mense wat God se stem gehoor het. Ons lees uit die bekende Jeremia 1: 4-10 uit. Jy is welkom om saam te volg. Die eerste hoofstuk van enige boek is waar die tafel gedek word vir die res van die verhaal. So ek wil jou aanmoedig om nie te vinnig net oor die eerste hoofstuk te lees nie.

4. Die woord van die Here het tot my gekom:
5. Voordat Ek jou in die moederskoot gevorm het, het Ek jou geken; voordat jy gebore is, het Ek jou aan My gewy en jou as profeet vir die nasies aangestel.
6. "Ag, Here my God," het ek geantwoord, "ek kan nie goed praat nie, ek is nog te jonk."
7. Toe sê die Here vir my: Jy moenie sê: "Ek is te jonk" nie. Jy moet gaan na wie toe Ek jou ook al stuur, en alles wat Ek jou beveel om te sê, moet jy sê.
8. Moenie vir hulle bang wees nie, want Ek is by jou, Ek sal jou red. Dit is wat die Here gesê het.
9. Hy het sy hand uitgesteek, my mond aangeraak en vir my gesê: Ek het nou my woorde in jou mond gelê.
10. Kyk, Ek stel jou vandag aan oor nasies en oor koninkryke om af te breek en uit te roei, om te vernietig en plat te slaan, te bou en te vestig.

Van kleintyd af hoor jy gereeld mense goed oor jou uitspreek. Hy hou baie van kitaarspeel hy gaan 'n musikant word. Hy hou baie van om aan die telivisie se kabels en kragdrade te raak, hy gaan 'n elektrisiën word, hy hou baie van bal skop hy gaan 'n rugbyspeler word. Sy hou van teken- sy gaan 'n argitek word.. So spreek ons goed oor mense uit. Op 15 gaan jy na 'n beroepsvoorligter toe- wat vreemde vrae vra, en dan na 'n bepaalde tyd vir jou sê jou natuurlike geneigdheid is om met syfers te werk, of met mense. Jy hou meer van buite werk as binne.. Jy kies dan vir Gr 10-12 sekere vakke. En dan in jou matriekjaar begin almal vra, wat gaan jy volgende jaar doen. Wat wil jy word. Uitstapdag kom- hulle lees iets wat opgewonde klink. Jy gaan dan eerstejaar toe- besef dit is glad nie wat jy gedink het nie- en probeer maar weer- begin oor en begin voor. Dan na 'n paar jaar se studies (wat sommige langer vat as ander om te voltooi- dit is mos immers 'n loopbaan nie 'n renbaan nie)

begin jy werk- en jy wonder op jou eerste dag- is dit regtig wat ek wil doen? Maak dit my baie gelukkig, of is die geld goed- en jy wonder is my werk goed genoeg…

Mense sal soms vreemde paaie volg om seker te wees dat hulle doen wat hulle moet doen. Die regte werk. Hulle sal byvoorbeeld na iemand toe gaan wat "kaarte lees" of in die kristalbal kyk om vir jou te sê wat jy eendag gaan doen. Ons sal enigiets doen net om 'n houvas te kry op die lewe, op die toekoms. En ek dink dit is krities belangrik:

Ek wonder nou as ek sou vra: Wie van julle doen wat julle wil doen? Jy doen jou dream Job. En jy weet jy doen wat jou gelukkig maak en wat jy nou moet doen… EK wonder hoeveel hande sal opgesteek word.

Vir die gemiddelde persoon bestaan 'n 1/3de van hul dag uit werk. Dink daaraan. Jy slaap 8 ure. Werk 8 ure. En "ontspan 8 ure". Seker maar 8 ure vir Binnelanders- nuus- nuus- nog 'n sepie- 2 bladsy van 'n boek en kla oor die 8 ure se werk…. In jou lewe is die kans ook dat jy dalk gestudeer het tot jy 21 is… Dan werk jy tot jy 65 is… En dan tree jy uit of tree jy af. Dit beteken dat i.t.v lewensfases het jy meer as 1/3de spandeer aan jou werk..

Vir my was dit bietjie anders, want daar was nog nooit iets wat ek meer wou doen as wat ek nou doen nie:

Ek onthou, toe ek Graad 5 was, toe moes ons mondeling praat oor 'n beroep. Daar was so hoed met klomp beroepe in en toe gaan ruil ek met die een kind in my klas, sodat ek met die Dominee kan gaan gesels. Ek vra toe vir die Dominee hoeveel geld kry hy per maand, hy het net gelag en gesê: TE Min...

Ek onthou toe ek op 'n keer vir iemand gesê het ek wil 'n Dominee word, toe kyk die persoon my so en vra vir my: Hoekom wil jy 'n Dominee word? Ek verduidelik toe my redes en vertel my storie. Die persoon vra toe vir my, So wie wil jy in die wêreld, vir die wêreld, wees? Ek verduidelik toe dat ek 'n persoon wil wees wat mense help. Ek wil mense bystaan en bemoedig in hul lewensfases. Ek wil mense help om hul lewe op 'n stewige fondasie te bou. EK wil ou wyshede praktiese en relevant vir mense vandag maak. En toe kyk die persoon so na my en sê- as dit jou redes is- hoekom word jy nie eerder 'n onderwyser nie? Ek was heeltemal geskok en het gedink die persoon vat my in die gesig. Maar in nadenke het ek weer gedink dat die onderwyser die kind Maandag-Vrydag (En soms Saterdag) 07:30-14:30 sien.... Dit is 7 ure per dag. Terwyl die Dominee as hy gelukkig is die kind 1 uur per week sien (en dit is as die kind kerk toe kom).

Maar tog was die ontdekking geanker, nie in die vraag van wat wil ek doen dit nie, maar liewer wie wil ek wees. Ek dink wanneer ons oor roepings/ talente en gawes gesels, dan vergeet ons dat die eintlike geskenk is nie wat ons kan doen nie, maar die eintlike geskenk is wie ons is..

Ek bewonder nie mense as gevolg van wat hulle doen nie, ek bewonder hulle vir wie hulle is, terwyl hulle die werk doen nie...

Ek bewonder nie die Onderwyser by die skool vir wat hy/sy doen nie, ek bewonder die Onderwyser vir wie hulle is, terwyl hulle die werk doen...

Craigh Groechel het gesê: The real question is not what can we offer each other but rather WHO can we be for eachother.

It is not about the Do it is about the WHO.... It is a WHO before it is a dO. It is no what should i do, but rather WHO should I become.

En so, met hierdie ingedagte lees ek weereens die bekende roepings verhaal van Jeremia 1:

Is dit nie juis dan wonderlik in die teks hoe die Here vir Jeremia eerste sê wie Hy is, voordat die Here vir hom sê wat hy moet doen.. It is first about the WHO, than it is about the DO...

Jeremia 1 vers 5:

Voordat Ek jou in die moederskoot gevorm het, het Ek jou geken; voordat jy gebore is, het Ek jou aan My gewy en jou as profeet vir die nasies aangestel.

Jeremia, my geliefde kind, weet eers wie jy is. Jy is in God se moederskoot gevorm. Jy is geken nog voordat jy self kon ken. Jy is uitgekies. Spesiaal gemaak… Jeremia, my geliefde kind besluit eers wie jy wil wees- en wanneer jy daardie persoon gaan wees, dan eers kom die doen.

En in hierdie roeping is Jeremia se oë, sy mond en sy ore betrokke. Dit is 'n besluit wat vra dat sy hele lewe dit beliggaam. En dit is ''n besluit wat so belangrik is, dat God dit nie net een keer doen nie. 'n Roeping, in Engels 'n calling is iets wat ek glo nie net 1 keer gebeur nie, maar oor en oor en oor. Soms roep God jou terug, soms roep God jou vorentoe. Soms roep God jou tot stilstand. En soms, soos 'n' Geliefde ouer roep God jou maar weer en weer en weer. En soms roep God jou tot iets wat nie so maklik is nie. God roep Jeremia om 'n Profeet te wees.

En so lees ons van Profete en ek wonder of ons nie verkeerd dink oor wat 'n profeet is en wat 'n profeet doen nie. Profesie het nie te doen met wat in die toekoms gaan gebeur nie. Dit het veel meer te doen met wie jy is en wat met jou kan gebeur as jy aanhou met die pad waarop jy is. Met ander woorde, profete is waarheidvertellers. Hulle wys die waarheid van iemand se lewe uit. Truth tellers. En as iemand die waarheid vir ons uitwys, dan is dit gewoonlik nie so lekker ervaring om dit te hoor nie.

Jeremia moet eintlik vir hulle gaan uitwys dat hulle hul doen mis. Dat hulle besig is om 'n pad van selfvernietiging te stap. Jeremia se roeping, as profeet bestaan uit 6 werkwoorde: afbreek, uitroei, vernietig, platslaan, op te bou en te vestig. En dit is eintlik maar 6 logiese gevolge wat ek en jy ook elke dag met ons eie gawes kan maak ... . Ons word eintlik almal só gebore … met 'n bepaalde gawe, 'n bepaalde vermoë, 'n bepaalde belangstelling … en in daardie veld van belangstelling word ons profete van dag een af. Politieke profete, landbouprofete, sportprofete, godsdiensprofete, maatskaplike profete, onderwysprofete, geldprofete. Ek het hierdie week ook besef dat profete nie noodwendig godsdienstige mense is nie, maar dat God in sy algemene genade en wysheid op elke terrein van die lewe mense gee wat ons kan help met die toekoms.

Ek wil egter terugkeer na Jeremia en my en jou eie roeping:

Ek wonder of jy dalk vanoggend hier sit met vrae

Vraag 1: Hoe lyk 'n lewe sonder 'n roeping? Sonder 'n roeping lewe jy net vir jouself... En dit is hartseer.

Vraag 2: Is elke werk is roeping? Ek dink nie so nie. Ek dink jou werk word eers 'n roeping as jy by die Here gehoor het, wie is jy? Wie wil jy wees? En hoe wil Hy jou in hierdie ruimte gebruik. As die Here jou daar antwoord, dan word jou beroep ''n roeping..

Vraag 3: Roep God almal tot Groot dinge? Roep God almal tot Voorspoed? Ek dink nie so nie. Jesus praat baie oor die klein dinge in die lewe. Jesus praat oor kinders, mosterdsade, mossies, glase water

en sente. Jesus praat oor diegene wat laaste is, in die agterste ry gaan sit, die ander wang draai en sulke goed.

Vraag 4: Waar begin ek?

Ons vra so gereeld vir die Here, Here wat wil U het, moet ek doen? En dit is asof die Here keer op keer vir ons terugvra, wat wil jy graag doen? En dan sal ons weer vra, Here wat wil U hê moet ek doen? En die Here vra dan terug, wat wil jy graag doen? En dan dink ons God hoor ons nie, of God antwoord ons nie, maar in realiteit bly dit 'n geslote siklus.

Die eerste stap om God se stem in jou lewe te herken, is om uit te vind watter gawes het die Here vir jou gegee. Wat maak jou uniek. Die doel van die lewe is om terug te keer na hoekom ons oorspronklik in God se moederskoot geskep is. Om God lief te hê, omdat hy vir ons so van die begin af lief het. So die vraag is nie wat wil ek doen eendag met my lewe nie, die vraag is, waar is die ruimte waar ek vir God lief is, omdat Hy eerste vir my lief was. Is dit as ek met mense werk? Met syfers werk? Met tegnologie werk? Iets regmaak? Iets pak? Iemand help wat siek is? Die doel is en bly altyd liefde, God vir ons en ons vir Hom. Die Bybel praat nie oor jou loopbaan nie, die Bybel praat oor hoe jy meer soos God kan word.

God roep vir my en jou uit 'n diep liefde- tot Liefde...

Henri Nouwen het geskryf:

We are not called to save the world, solve all problems, and help all people. But we each have our own unique call, in our families, in our work, in our world. We have to keep asking God to help us see clearly what our call is and to give us the strength to live out that call with trust. Then we will discover that our faithfulness to a small task is the most healing response to the illnesses of our time.

God roep vir my en jou uit 'n diep liefde- tot Liefde...

So vriende ek het 'n roeping. Maar jy het ook 'n roeping. Dalk is dit ons taak om betekenis in ons werk te sit, eerder as om te wag dat ons werk vir ons betekenis moet gee. Soos die gedagte gesê het, WERK bepaal nie my waarde nie, ek bepaal die waarde van my werk.. It is not about the do it is about the WHO... Wie wil ek wees.

Ek het hierdie week gehoor dat ek en jy ons roeping kan ontdek/herontdek deur:

- God se betrokkenheid by ons lewens van voor ons geboorte af
- God gaan in gesprek met ons
- God se beloftes bly ons motiveer.
- Dit gaan eintlik oor God.

Gebed

Seënbede: As jy wil weet hoe lyk God se plan met die wêreld, gaan neem 'n selfie. En kyk mooi na die selfie en besluit wie jy wil wees.

Amen!